

# HART-LIK WELKOM

**Borduur die hartjierande op jou gastehanddoeke vir 'n vriendelike verwelkoming**

geborduur deur SARIE FREEMAN

**BENODIGDHEDE:** 20 cm borduurlinne van 150 cm breed en met 12 draadjies per cm; DMC-stringborduurgare, 4 stringe rooi en 3 stringe groen; 1 borduurnaald nr. 18; 1 tolletjie wit masjiengare.

**AANWYSINGS:** Knip 2 stroke van 10 cm breed en kap al vier die kante om, om uitrafeling te voorkom.

Bepaal die middel van die strook, merk dan die middelste 11 drade met kontrasterende rygdraad aan weerskante om die borduur van die middelste ry groen motiewe te vergemaklik.

Raadpleeg diagram en begin met groen, borduur 'n ry motiewe wat so lank soos breedte van handdoek is.

Bepaal plasing van groen sigsagrand en borduur dit.

Borduur daarna die hartjierande aan weerskante, om rand te voltooi. Tel 16 drade bo en onderkant die voltooide rand af en trek die 17e draadjie uit om die voulyn aan te dui.

Ryg 'n kontrasdraad deur dié ry en pars by dié ry na agterkant om.

Pars rand van handdoek; speld sierstrook vas, stik met die hand of naaimasjien in posisie.

Pars nogmaals (versigtig om borduurwerk nie té plat te druk nie).




**DIAGRAM VIR HARTJIERAND**

**Tel 16 drade**